# Welkom by 2025 Speel-Speel Skool!

DIE LEKKERSTE-LEKKERSTE SKOOL

826 Barnardstraat , Wingate Park
kantoor@speelspeelskool.co.za
076 697 4211

## WELKOM!!

Kinders moet geleer word HOE om te dink, nie WAT om te dink nie.

SPEEL-SPEEL SKOOL is 'n unieke kleuterskool in Pretoria-Oos. Ons leerplan is gebaseer op Christelike waardes en ons volg 'n holistiese benadering tot kinders se fisiese, emosionele en kognitiewe ontwikkeling, asook geestelike welstand, om elke kind tot sy/haar volle potensiaal te help ontwikkel. Elke kind word as 'n individu gesien - elkeen met sy eie, unieke talente en persoonlikheid wat ontgin word. Die fokus is nie op leer nie, maar om 'n liefde vir leer te kweek.

## OOR ONS KLASSE

Klasse per ouderdomsgroep:

- 2024/2025-gebore (4 maande - 1 jaar): Babaklas
- 2023-gebore (1-2 jaar): Geelklas
- 2022-gebore (2-3 jaar): Rooiklas
- 2021-gebore (3-4 jaar): Blouklas
- 2020-gebore (4-5 jaar): Groenklas
- 2019-gebore (5-6 jaar): Graad R klas

## WAT BIED ONS?

Die dagprogram is ontwerp om aan die kognitiewe, geestelike, fisiese en emosionele behoeftes van die jong kind te voldoen.

Deur die interessante afwisseling van geleenthede by Speel-Speel Skool, leer die kleuter al meer deur speel. Die eindresultaat is 'n liggaamlike en geestelike ontwikkelde kind wat toegerus is vir die eise van formele onderrig.

## SO LYK ONS DAG...

Die volgende is 'n tipiese dag by SPEEL-SPEEL SKOOL en mag verskil na gelang van ouderdom:
Elke dag bestaan uit 'n kombinasie van die volgende aktiwiteite:



Ontbyt
Samesang
Vryspel buite
Vryspel binne
Bybel, Temabespreking, Rympie, Persepsie
Skeppende kuns, Bak en Brou, Wetenskap ens.
Peuselhappie
Grootmotories / Fynmotories / Musiek
Slaaptyd
Middagete
Storietyd

Instappies word vooraf beplan en die kostes vir meeste van hierdie instappies is ingesluit by die skoolfonds.

## FINANSIES 2025

- Met inskrywing is ‘n deposito gelykstaande aan een maand se skoolfonds, asook 'n registrasiefooi van R 1 520 betaalbaar.
- Die deposito word afgeskryf teen die laaste maand se skoolfonds wanneer die leerder die skool verlaat. (Bepalings en voorwaardes geld.)
- Die registrasiefooi sluit 'n Speel-Speel Skool hempie en skoolsak in.
- Skoolfonds per maand
  - Babas: (Halfdag OF Voldag) R 5 670 per maand
  - Halfdag: R 4 340 per maand
  - Voldag: R 5 200 per maand
  - Skoolfonds word bereken op TWAALF maandelikse paaiemente. Skoolfonds is vooruitbetaalbaar en geskied streng voor of op die 3e van elke maand vir die betrokke maand.
- Afslag
  - 5% op die totale jaarlikse fooi indien vooruit betaal word voor 31 Januarie 2025.
  - 5% vir die tweede en derde kind onderskeidelik wat deel vorm van dieselfde gesin.

## DIE VOLGENDE IS INGESLUIT BY ONS MAANDELIKSE FOOI

**Etes...**

'n Gesonde en gebalanseerde ontbyt, oggendpeuselhappie, middagete en middag-peuselhappie is ingesluit vir alle maatjies. Ouers wie se babas nog op melk is, stuur dit daagliks saam skool toe. ‘n Yskas is beskikbaar vir borsmelk.
Babas ontvang etes van “Magies vol Liefde” wanneer hulle begin met vaste kos tot op ongeveer 10 maande, waarna hulle dan oorskakel na die skool se kos.

**Aktiwiteite...**

Kinderkinetika 1x per week
Instappies
2 keer per maand ‘n Wetenskap Eksperiment.
2 keer per maand Bak en Brou.
Sensoriese spel / "messy play"




## DIE VOLGENDE IS UITGESLUIT BY ONS MAANDELIKSE FOOI

- Alle doeke en 2x wet wipes per maand vir babas en kleuters wat nog doeke dra.
- Melk vir babas en kleuters wat nog bottel drink.
- Kleuters 3 – 5 jaar bring 1x sneesdoekies (tissues) en 1x wet wipes maandeliks.
- Buitemuurse aktiwiteite beskikbaar: YDP Dans, Harmony Hippo’s Musiek, EQ4Kids, Tumbling Tigerz, A+ Maths, Junior Builder, Pottery, Mini Chess, Rugby, Netbal, Gimnastiek, Swem.
- Jaarlikse fondsinsamelings.



## VAKANSIESORG

Vakansiesorg is beskikbaar vir almal gedurende skoolvakansies volgens die GDO skoolkalender.

Gedurende vakansietyd word daar nie ‘n formele akademiese program gevolg nie, maar wel ‘n informele vakansieprogram. Al die personeel sal nie aan diens wees nie, maar wel twee juffrouens en die middagpersoneel, asook die assistente.

***Let wel dat die skool gesluit sal wees op 29, 30 April, 2 Mei, asook vanaf 14-21 Julie 2025 gedurende die Winter GDO skoolvakansie, waartydens geen vakansiesorg beskikbaar sal wees nie.**

## SKOOLURE

- Formele onderrig vind stiptelik vanaf 08h00 – 13h00 plaas.
- Informele middagprogram: 14h00 – 17h30.
- Voldag Maats: 06h30 – 17h30
- Halfdag Maats: 06h30 – 14h00

## SKOOLJAAR EN KWARTALE

**8 Januarie - 10 Desember 2025**

- **Kwartaal 1: 8 Januarie – 28 Maart**
- **Kwartaal 2: 8 April – 17 Junie**
- **Kwartaal 3: 22 Julie – 3 Oktober**
- **Kwartaal 4: 13 Oktober – 10 Desember**

**'n Skoolweek geskied vanaf Maandag tot Vrydag. Speel-Speel Skool is gesluit op 29, 30 April, 2 Mei, asook van 1-8 Julie 2025, asook op alle openbare vakansiedae en spesiale skoolvakansiedae, soos aangedui op die GDO kalender en die jaarprogram.**

## WORD DEEL VAN SPEEL-SPEEL SKOOL!

### 1 Skooltoer

Kom stap saam met ons deur ons pragitge skool, ons wys u met trots waar ons maatjies daagliks leer en speel en antwoord graag al u vrae. Kontak ons vandag vir 'n afspraak!

### 2 Aansoek

Vul die aansoekvorm in en stuur dit asb. per e-pos aan. U word op die waglys geplaas en sal binne 48uur bevestiging ontvang of u aansoek suksesvol is.

### 3 Goedkeuring

Indien u aansoek suksesvol was, sal u 'n registrasievorm en kontrak ontvang en 'n faktuur met die bedrag betaalbaar en u unieke familiekode vir verwysing sal aan u gestuur word.

### 4 Bevestiging

Die volgende word vereis om u kind se plek te bevestig :

- voltooide registrasievorm en kontrak
- afskrifte van beide ouers se ID dokumente, u kind se geboortesertifikaat en immuniseringskaart, u mediese fonds kaart
- bewys van betaling

826 Barnardstraat, Wingate Park
076 697 4211
kantoor@speelspeelskool.co.za
www.speelspeelskool.co.za.
@Speel-Speel Skool

